

Wen in reis na die F1 MONACO GRANDPRIX 2020

MENLO Hokkie

Kaartjieprys: R500 | Slegs 500 kaartjies beskikbaar | Sluitingsdatum: 5/3/2020 | Volledige inligting: www.menlopark.co.za

Geregistreer met die NLCSA (Registrasienommer: 00310/01) | Terme en voorwaardes geld

Die wenner en sy/haar metgesel ontvang die geleentheid om vir drie onvergeetlike dae en nagte skouers te skuur met die wêreld se rykes en beroendes aan die Franse Riviera EN die glansryke F1 in Monte Carlo by te woon. ALLE KOSTES INGESLUIT!

Hierdie droomprys bestaan uit:

- Twee retoervlugkaartjies (ekonomiese klas) na Nice, Frankryk.
- Datums: 20 Mei 2020 – 25 Mei 2020.
- Verblyf, vir twee persone wat deel, in 'n viersterhotel in Nice (ontbyt ingesluit).
- Vervoer van en na die lughawe.
- Vervoer na en van, sowel as toegangkaartjies na die Monaco Grand Prix vir Sondag, 24 Mei 2020.
- Sakgeld ter waarde van R5 000 per persoon.
- Visumkoste tot 'n maksimum van R1 500 per persoon.

Kaartjieverkope open Vrydag, 6 Desember en daar is slegs 500 kaartjies beskikbaar.

Inskrywings Prosedure

Stap 1	Lees die bepalinge en voorwaardes
Stap 2	Betaal R500 in die skool se rekening. Die besonderhede is as volg: Die Hoërskool Menlopark . Nedbank . Takkode: 19876500 . Rek Nr: 1497124069 Verwysing: GP + Jou Voorletter en Van (bv. GP KBotha)
Stap 3	Stuur die betaalbewys per e-pos aan: gp.monaco@menlopark.co.za Noem in jou e-pos wie die eienaar van die kaartjie is, sowel as die kontakpersoon se selfoonnummer. NB – Indien jy nie jou betaalbewys e-pos nie, sal jy nie 'n kaartjie ontvang nie.
Stap 4	Jy sal binne 24 uur, nadat jy die betaalbewys gestuur het, jou elektroniese kaartjie en unieke kaartjienommer ontvang.
	Die trekking vind plaas op 6 Maart 2020 om 12:00. Die wenner sal telefonies verwittig word.

Bepalings en voorwaardes van Die Hoërskool Menlopark Hokkie Monaco Grand Prix Gelukkige Trekking 2020

Hierdie is die volledige bepalings en voorwaardes van die trekking en by aankoop van die kaartjies stem u in tot hierdie bepalings en voorwaardes:

- Die koste van een inskrywing is R500 (VYF HONDERD RAND) en sal elke kaartjiekoper 'n elektroniese inskrywing met unieke nommer ontvang. 'n Maksimum van 500 kaartjies sal verkoop word.
- Die prys bestaan uit:
 - twee retoer ekonomiese klas vliegtuigkaartjies na Nice, Frankryk
 - Verblyf vir twee in 'n kamer wat deel in 'n vier ster-hotel in Nice met ontbyt daaglik ingesluit
 - Vervoer van en na die lughawe
 - Vervoer na en van sowel as toegangkaartjies na die Monaco Grand Prix vir Sondag, 24 Mei 2020
 - Sakgeld van R5000 per persoon
 - Visumkoste tot 'n maksimum van R1500 per persoon
- Die waarde van die prys is ongeveer R80 000 (TAGTIG DUISEND RAND). Sou die opbrengs van die kaartjieverkope nie genoeg wees om die koste van die prys te dek nie, sal die wenner 65% van die werklike opbrengs van die kaartjieverkope as prys ontvang in die plek van die Grand Prix-pakket.
- Die trekking vind plaas te Die Hoërskool Menlopark op 6 Maart 2020 om 12:00 en sal 'blind' getrek word deur die hoof van Die Hoërskool Menlopark, Mnr Schalk Reynders, of sy opvolger in titel of sy afgevaardigde in die teenwoordigheid van twee onafhanklike getuies. Die uitslag van die trekking is final. Die wenner sal telefonies verwittig word en dis nie nodig vir die wenner om teenwoordig te wees by die trekking nie.
- Geen ander items is ingesluit by die prys behalwe die items wat hierin genoem is nie, en alle onkoste bo en behalwe die genoemde items is vir die rekening van die wenner.
- Die wenner en sy/haar metgesel moet teen 15 April 2020 in besit wees van 'n geldige paspoort wat tot minstens Desember 2020 geldig is. Die wenner en sy/haar metgesel moet in staat wees om 'n geldige Schengen-visum te bekom. Die Hoërskool Menlopark sal R1500 (EEN DUISEND VYF HONDERD RAND) per persoon bydra te aansien van visumkoste. Enige gelde bo en behalwe hierdie bedrag is vir die wenner se rekening en die wenner en sy metgesel sal self sorg vir alle praktiese reëlings ten einde die nodige visums te bekom.
- Hierdie prys is oordraagbaar, maar ten einde finale reëlings te tref, moet die volle name en paspoortbesonderhede van die persone wat die prys gaan opneem aan die Die Hoërskool Menlopark verskaf word voor of op 30 Maart 2020.
- Die wenner en sy/haar metgesel vertrek vanaf OR Tambo Lughawe op 20 Mei 2020 en land weer op 25 Mei 2020. All vervoer van en na die lughawe sal deur die wenner getref word.
- Hierdie prys het geen kontantwaarde nie en kan nie vir kontant geruil word nie. Die skool behou die reg voor om die prys met 'n soortgelyke prys te vervang.
- Sodra vliegkaartjies bespreek is, kan geen verdere skuiwe en/of veranderinge gemaak word nie en is reisreëlings final.
- Die kaartjiehouer, deur ontvangs te neem van die kaartjie, vrywaar Die Hoërskool Menlopark, sy hoof, onderwysers, kontrakteurs, borge en ouers van enige aanspreeklikheid wat direk of indirek sou voortvloei uit hierdie kompetisie, enige skade en/of besering wat verband hou met hierdie kompetisie en die prys, ongeag hoe so 'n gebeurtenis sou plaasvind.
- Die kaartjiehouer verleen sy toestemming dat sy/haar naam en foto gepubliseer word indien hy/sy die prys sou wen, vir 'n periode van vier-en-twintig maande na die trekking.
- Die wenner sal sy/haar metgesel en/of sy afgevaardigdes van hierdie terme en voorwaardes volledig inlig en sluit die vrywaring hierbo enige metgesel en/of afgevaardigde in.
- Sou wetgewing veroorsaak dat hierdie kompetisie as onwettig verklaar word of enige ander geldige rede tot gevolg sou hê dat die kompetisie nie kan plaasvind nie, sal Die Hoërskool Menlopark alle gelde aan kaartjiekopers terugbetaal, en sal kaartjiekopers geen verdere eis/e teen Die Hoërskool Menlopark hê nie.